# Kerk en stad*

AJG OOSTHUIZEN

## 1. INLEIDING

Verstedeliking is 'n wêreldwye verskynsel en oral gaan dit gepaard met bepaalde uitdagings, probleme en geleenthede. Dit geld ook die kerk.

Verstedeliking, waaronder nie net die stadswaartse migrasie verstaan word nie maar ook die stedelike leefwyse met gepaardgaande blootstelling en verandering, het ook hier te lande verreikende politieke, ekonomiese, maatskaplike en geestelik-godsdienstige implikasies.

Dit is algemeen bekend dat tydens die 1980-sensus
98% van die Blankes, 91% van die Indiers,
77% van die Kleurlinge en
38% van die Swartmense
as stedelik geklassifiseer is. Die nie-Swart volke het dus reeds 'n hoë mate van verstedeliking bereik.

Die Afrikaner wat die fokus van hierdie gesprek vorm, het binne die bestek van 'n halfeeu verstedelik. Met Uniewording was die helfte van die land se Blankes nog op die platteland en dié was oorwegend Afrikaans. In 1970 was reeds 87% van alle Blankes en ongeveer 85% van alle Afrikaanssprekendes woonagtig in stede en dorpe. Die Boerevolk het stadsvolk geword.

In dié proses het die Afrikaner sy kerk saamgebring en suksesvol in die stad gevestig. Inteendeel; die Albertynverslag (1947:85) wys daarop dat die kerk van die min dinge was wat die Afrikaner feitlik onveranderd uit sy plattelandse ervaringsveld in die stad teruggevind het en dat dit 'n besondere ankerende en bindingsrol gespeel het en nog speel.

Alhoewel die geografiese verskuiwingsproses van stad na platteland feitlik voltooi is wat die Afrikaner betref, gaan die verstedelikingsproses steeds voort en stel dit noodwendig nuwe eise op talle lewensterreine. Ook aan die kerk word daar nuwe uitdagings gestel ten opsigte van die geestelik-godsdienstige versorging van die stadsmens. Aanvanklike suksesvolle vestiging van die kerk in die stad, vanweë snelle verandering borg nie volgehoue sukses en lewenskragtigheid nie. Juis in hierdie opsig is dit nodig dat die Christelike kerk sal besin en sigself verantwoord (Oosthuizen 1975:32).

* Referaat gelewer tydens 'n byeenkoms *Kerk en Universiteit* by die Randse Afrikaanse Universiteit.

## 2. DIE STADSMILIEU EN PROSESSE WERKSAAM DAARIN

Ten einde die stadsmens beter te begryp is dit nodig om kortliks 'n prentjie voor te hou van sekere prosesse wat werksaam is in die stad en van sekere geestelik-maatskaplike kenmerke en verskynsels wat eie is aan die stad en stadslewe – juis omdat baie van die stadsmens se geestelik-godsdienstige sowel as sosiale probleme hieruit spruit en teen hierdie agtergrond die beste verklaar en verstaan en bearbei kan word. Ook die funksionering van die kerk in die stad word ten nouste deur van hierdie prosesse, gedragskodes en waardebeskouinge geraak.

Dit moet duidelik gestel word dat van hierdie prosesse en verskynsels, soos byvoorbeeld akkulturasie, modernisering, verindividualisering, ensovoorts, die hele gemeenskap raak, afgesien van waar mense woon, terwyl ander soos byvoorbeeld verplasing van woonbuurtes deur sakegrondgebruike en middestadse ontvolking, weer die stad as sodanig raak. Baie van die prosesse en verskynsels wat die hele gemeenskap raak kom egter normaalweg meer gekonsentreerd en meer intens in die stad voor. Hierdie verskynsels en prosesse, eie aan die stadslewe, moet nie as negatief of sleg beskou word nie. Die doel is juis om die aandag op hierdie verskynsels te vestig, dikwels by wyse van kontrastering, met die oog daarop dat die kerk in die stad hierdie aangeleenthede in ag sal neem in sy werkwyse om sodoende sy taak meer suksesvol te volvoer.

Sonder om op volledigheid aanspraak te maak word enkele van hierdie prosesse en verskynsels aan u voorgehou – in die besef dat dit bekend is en dat die werking daarvan daagliks aanskou word.

### 2.1 Heterogene samestelling

In die stad word die mens as individu en as groep blootgestel aan prosesse van beïnvloeding. In skerpe kontras met die behoudende atmosfeer van die platteland, waar 'n sterk mate van homogeniteit t.o.v. kultuur, taal en lewenstog bestaan het – ook wat die kerk betref – word die stadsmens in aanraking gebring met 'n groot verskeidenheid ervaringe en moontlikhede, asook met mense van ander kulture, leefwyses en lewensieninge. Dit ontlok 'n verskeidenheid van reaksies wat wissel van aanvanklike vermyding van dit wat vreemd, vyandig en anders is tot 'n proses van aanpassing en akkommodasie waar meer dinge noodwendig verdra en oorgesien word – dus 'n poging om in vrede en begrip met al die groeperinge saam te leef. So word 'n verruimende gees geskep wat dikwels aanleiding gee tot groter verdraagsaamheid en 'n gees van toegeeflikheid of permissiwiteit (Oosthuizen 1975: p. 33).

## 2.2 Akkulturasie en modernisering

Alhoewel akkulturasie en modernisering oral voorkom, leen die stadsmilieu hom by uitstek hiertoe. In die stadsomgewing waar mense van verskillende kultuuragtergronde saamgetrek word binne beperkte geografiese gebied in gemeenskaplike ekonomiese en tot op sekere hoogte sosiale aktiwiteit, word geleenthede vir kultuurkontak, kultuuroorname en -oordrag verhoog, onder andere deur die inwerking van kommunikasiemedia. Die mens as individu en groep word dus blootgestel aan verandering, maar dien terselfdertyd as veranderingsagent vir ander. Dink maar aan huwelike oor die taalgrens heen: in Groter Johannesburg het sowat 38% Afrikaanssprekendes oor drie geslagte met anderstaliges getrou, terwyl huwelike tussen Afrikaans- en Engelssprekendes 22% bedra het (Oosthuizen 1976:21,22). Dit alles, tesame met die moderniserende invloed van die onderwys, media, werkkring en blootstelling in die stadsomgewing, oefen 'n invloed uit op die stadsmens se lewenswaardes en lewensverwagtings. Vanweë nuwe verskynsels, handelinge en situasies wat onderhewig is aan interpretasie en evaluering, verander opvattings (byvoorbeeld oor hoe die Sondag gevier moet word, kleredrag in die kerk, ensovoorts) en dít lei tot verandering in gedrag wat nie by almal gelyk geskied nie. Dit is dus juis die mens se lewenswaardes waardeur gedragswyses gerig word, wat blootgestel word aan verandering.

Die veranderlikheid van die stad (sy dinamiek is seker een van sy opvallendste kenmerke) staan in teenstelling met die kerk as instelling wat behoudend is en neig om langsaam te verander en om aanvaarde waardes te bewaar. Dis juis hier waar die behoudenheid van die platteland so maklik aanklank kon vind by die kerk in die verlede.

## 2.3 Verindividualisering

2.3.1 Talle omstandighede in die stad bevorder groter verindividualisering van die mens. So byvoorbeeld leef die gesin nie mee in die ekonomiese aktiwiteit van die broodwinner of van gesinslede onderling nie. Wat pa by die werk doen is dikwels 'n vreemde wêreld in teenstelling met die platteland waar almal òf meehelp òf minstens bewus is van die voor- en teenspoed wat die gesin se ekonomiese welsyn raak.

2.3.2 In die stad met talle werkgeleenthede lei dit tot die ekonomiese selfstandigheid van die individu en dikwels tot vroeë selfstandigheid by jongmense. Dit alles lei weer tot selfstandigheid op ander terreine. So beweeg jongmense bv. dikwels met hoë frekwensie van stad tot stad of stadsdeel tot stadsdeel en baie beweeg uit ouerhuise na woonstelle om volle meelewing met die ouderdomsgroep te er-

vaar (dink maar aan middestadsgemeentes met ou- en jongmense). Binne die malende massa van die stad kan die individu dus makliker ontkom aan die kontrolerende invloed van die ouerhuis, skool en kerk (Oosthuizen 1975:33).

Die anonimiteit van die stad bring dus mee dat die groepsinvloed op die individu taan. Die feit dat die individu tussen die menigte in die stad verdwyn bevorder 'n sekere mate van losbandigheid – wat weer die kerk in sy werking raak (Albertyn e.a. 1947:43).

Daarby word die stadsmens voor feitlik onbeperkte keuses van vriende, vermaaklikheidsvorme en so meer gebring en by die uitskakeling of aanvaarding van moontlikhede moet die stadsmens selektief te werk gaan. In hierdie besluitnemingsproses is die individu/gesin dikwels op hom/hulself aangewese. Die individu geniet dus groter vryheid in die stad.

Hierdie verindividualisering tesame met ander vormingsprosesse bring mee dat die sanksioneringskrag van die gemeenskap in die stad afneem en die individu se vryer denke en optrede toeneem. Die kerk voel dit in sy werking waar sosiaal-afwykende verskynsels soos egskeiding, saamwoon, homoseksualisme, ensovoorts, toeneem. Hierdie verskynsels neem toe omdat gemeenskapsveroordeling in die stad afneem, anders as in gevestigde kleiner gemeenskappe waar die neiging is om in pas te val by die algemeen aanvaarde (nie altyd soseer uit oortuiging as uit gewoonte of uit vrees vir "wat sal die mense sê" nie).

### 2.4 Tydseise en oppervlakkige en geselekteerde kontak

Kontak tussen mense in die stad verskil dikwels ingrypend van die platteland. Hoewel stedelinge meer geleenthede tot kontak as die plattelander het, is hierdie kontak dikwels oppervlakkig, onpersoonlik en formeel. Mense ontmoet mekaar dus veelal in hul bepaalde funksies, byvoorbeeld as lede van dieselfde vergadering, organisasie, kerkraad en so meer. Geleenthede vir informele sosiale kontak in die stad verminder relatief onder andere vanweë tydseise (vergelyk familie se besoeke aan mekaar in die stad). Tog handhaaf die stadsmens ook 'n selektiewe, intieme vriendekring gekies op stadswye grondslag. Dit dra egter weinig by tot gemeenskapvorming op die woonbuurtvlak.

In die stad speel tydseise, waar die horlosie die lewe beheer, en waar dikwels langer ure weg van die huis as by die huis deurgebring word, 'n belangrike rol. Dit bring enersyds mee dat informele sosiale kontak lae prioriteit geniet en dit tesame met massakommunikasiemedia en vermaaklikheidsaantreklikhede waardeur die mens tot op groot hoogte ingelig word en hom kan geniet, benadeel gemeenskapsvorming en bevorder relatiewe isolasie (Oosthuizen

1975:34). Andersyds het tydseise en gebrekkige gemeenskapsvorming 'n sterk invloed op die kerk se praktiese taak in die stad. Hier kan verwys word na huisbesoek wat oorwegend tot saans beperk word en die invloed daarvan. Ook die feit dat lidmate mekaar skaars ken, lei tot 'n gemis aan samehorigheid en meelewing en die gehegtheid aanmekaar van gemeentelede onderling en aan die leraar lei dikwels daaronder, tensy doelbewus gepoog word om hierdie leemtes te ondervang.

**2.5 Mobiliteit**

Kenmerkend van die stad en stadsmens is die hoë mate van beweeglikheid wat veral ten opsigte van woning, werk, werkplek en sosiale status manifesteer. In die grootstad is permanente/stabiele gemeenskappe waarin almal van mekaar kennis het die uitsondering. Mense kom en gaan gedurig. Opnames toon dat in 'n plek soos Hillbrow sowat 43% van die mense jaarliks van woonplek verander en opnames van die Instituut vir Stedelike Studies, RAU, toon dat 21% van die inwoners van Groter Johannesburg gemiddeld oor drie jaar van woonplek verander (Oosthuizen 1976:29).

Vance Packard wys in sy boek "A Nation of Strangers" op die ontwrigtende invloed van residensiële mobiliteit op gemeenskapsvorming. Die rol van nasionale instellings met verplasing en bevordering van personeel, die invloed van skofwerk waardeur skofwerkers feitlik afgesny word van mekaar en van die res van die gemeenskap, ensovoorts. Woonstelbewoners weet dikwels nie wie hul bure is nie.

Die gevolg van hierdie mobiliteit is 'n toenemende gevoel van ankerloosheid, onbekendheid en anonimiteit wat gepaard gaan met huiwering of onvermoë tot betrokkenheid vanweë onbekendheid en die voorlopige aard van verbintenisse. In die proses van residensiële mobiliteit is dit nie net die nuwe intrekkers wat vreemd, tydelik en geïsoleerd voel nie, ook die gevestigde gemeenskappe word ontwrig en word eintlik sielkundige nomades omdat die omset en verandering van mense so hoog is dat hulle dikwels nie meer 'n gevoel van plekgebondenheid en groepsidentiteit geniet nie (Oosthuizen 1975:34).

Vir die stadskerk bied mobiliteit 'n besondere uitdaging. Die gevaar bestaan dat die kerk sy houvas op die samelewing en sy lidmate só kan verloor of verminder. Lidmate verander van woning en dit bring vloeibaarheid in die gemeente. Opsporing en betrekking by gemeentelike aktiwiteit – dit wil sê inskakeling van nuwelinge – bied spesiale uitdagings en verg spesiale pogings. Verder benadeel die stadsbeweeglikheid samehorigheid en bevorder die verbreking van bestaande groeperinge en bindinge en die vloeibaarheid van idees, en dit bring onsekerheid (Albertyn 1947:137 & 153).

Hierdie aspek bring die hele kwessie van die lengte van verblyf van 'n predikant op 'n standplaas in gedrang. Die vraag moet tereg gevra word of die neiging van veral jong predikante om na 3 jaar van gemeente te verander in die beste belang van die kerk is?

Boskoff (1970:274) beweer dat stedelinge in die VSA veral onder Protestante, die wydverspreide praktyk toepas om kerklike affiliasie te verander vir redes van gerief eerder as teologiese toewyding.

### 2.6 Eensaamheid en/of afsydigheid

Globaal gesien bring die onpersoonlike verhouding tussen 'n groot aantal vreemdelinge in die stad op grond van mobiliteit, individualisme, tydseise, oppervlakkige kontak, ensovoorts dus mee dat mense geneig is om nie in mekaar se doen en late geïnteresseerd te wees nie en nie met ander se probleme opgesaal te wil wees nie. Dit lei tot 'n tweeledige uitvloeisel. Enersyds ontstaan 'n gevoel van afsydigheid of anomie wat in onbetrokkenheid manifesteer en andersyds ontstaan 'n gevoel van intense eensaamheid by die stadsmens. Binne die massa word die individu aan isolasie onderwerp wat juis van die stadsmens, wat materieel en kennisgewyse so selfversekerd voorkom, 'n hunkerende wese in die diepste van sy siel maak. Die Amerikaanse sielkundige, Abraham Maslow (1970), in sy bekende beskrywing van menslike behoeftes beklemtoon as van die belangrikste behoeftes juis die sosiale behoefte om 'n gevoel van sekuriteit te hê. Dit word verkry deur verkeer en kontak met andere, deur te behoort tot bepaalde groepe en instellinge en deur die gee en ontvang van vriendskap.

Een van die kerk se grootste uitdagings is myns insiens om in sy pastorale versorging die mure van vereensaming, isolasie en afsydigheid om gesinne en individue af te breek. Juis omdat baie stedelinge in hul diepste wese eenaam en geïsoleerd voel, het hulle 'n besondere behoefte aan persoonlike belangstelling en meelewing met die gesin – op sosiale gebied sowel as godsdienstige gebied. Identifisering met jou kerk, veral in 'n nuwe en vreemde omgewing, is onderskragend. Juis in hierdie opsig is die opsporing van nuwe intrekkers en gereelde huisbesoek deur predikant en kerkraadslede van die grootste belang.

Is 'n groot deel van die sukses van baie sogenaamde sektariese groepe nie juis dáárin geleë dat daar 'n besonder intieme band tussen kerk en lidmaat bestaan waardeur geestelike veiligheid, gebondenheid en borging verskaf word en meelewing verseker word nie? (Oosthuizen 1975:36).

### 2.7 Sekularisasie (verwêreldliking)

Vanweë die vormingsprosesse in die grootstad het veral by die

stadsmens 'n gees van sekularisasie ontstaan wat eintlik daarop neerkom dat die mens 'n proses van geestelik-kulturele groei en selfstandigwording ondergaan waardeur hy homself bevry van tradisionele religieuse bindings en die mens eintlik glo dat hy tot op groot hoogte self vir sy wêreld verantwoordelik is. Cousins en Nagpaul (1979:325) wys daarop dat deur verstedeliking die proses van sekularisasie in werking gestel is waardeur nie net die karakter van die godsdiens verander het nie, maar ook die tipe invloed wat geglo is godsdiens op mense het. (Kinsley Davis verwys volgens hulle na duidelike fases in die sekularisasieproses, wat onder andere insluit:

(i) namate die stedelike gemeenskap meer kompleks raak, het godsdiens die neiging om weg te beweeg van alledaagse praktiese aangeleenthede;
(ii) namate diversiteit in die gemeenskap toeneem, word godsdienstige oortuigings en praktyke dienooreenkomstig gediversifiseer; en
(iii) gestruktureerde fragmentasie kom voor met die kerk en staat duidelik geskei.)

Baie omstandighede in die stad dra by tot die gees van sekularisasie. In die stad voel die mens hom afhanklik van ander mense (werkgewer, ensovoorts) en die natuurkragte oefen geen direkte invloed uit op sy lewe nie. Die geriewe van die menseskepping is tot sy diens. Die landbouer daarenteen se afhanklikheid van natuurelemente bevorder 'n voortdurende besef van afhanklikheid teenoor die Skepper. In die stad dra verskynsels soos massareklame by tot behoefteskepping tot materiële besit en dit is nie altyd bevorderlik vir geestelike waardebesit nie. Stadsbeïnvloeding werk eers deur na die materiële lewe (nie afsteek by bure nie) en gaan geleidelik oor tot die innerlike lewe, soos lewensbeskouing, waarde-opvattings, ensovoorts (Albertyn 1947:22—23).

Vanweë bogemelde proses is die tipiese stadsmens geneig om krities ingestel te wees en aanvaar die woord van die kerk nie sonder meer net omdat dit van die kerk afkomstig is nie. Waar die stadsmens in kontak kom met talle godsdienstige beskouinge (spruitend uit toenemende diversiteit) is hy dikwels soekend, onseker, verwar en nuuskierig, maar terselfdertyd openbaar hy vanweë sy praktiese ervaring en kennisagtergrond nie 'n slaafse aanvaarding van die predikant se uitspraak en leiding nie en word hy slegs oortuig deur sinvolle motivering en skriftuurlike verantwoording waarom sy bepaalde optrede of daad goed- of afgekeur behoort te word (Oosthuizen 1975:35). Hierdie geestelike selfstandigheid asook soeke het talle implikasies vir die werking van die kerk in die stad. So kom die vraag na vore of die ouderling se rol in die stad nie taan vanweë sy

relatief-swak-skriftuurlike onderlegdheid nie. Die vraag wat ontstaan is hoe moet die kerk sy werkkragte in die stad die beste toerus en benut. 'n Verdere voorbeeld is waar kerklike gebruike se skriftuurlike onderlegdheid, sinvolheid en noodsaaklikheid, openlik bevraagteken word.

## 3. STEDELIKE PROSESSE MET 'N GROEPSINVLOED

Tot dusver is oorwegend aandag geskenk aan stadsprosesse en verskynsels wat op die individu inwerk en so ook die groep raak. By wyse van afsluiting word kortliks na 'n paar prosesse en verskynsels verwys wat veral die groep raak en op hierdie wyse 'n invloed uitoefen op die kerk se werking.

### 3.1 Toenemende diversiteit

Seker een van die opvallendste kenmerke van die stadslewe is toenemende diversiteit op talle lewensterreine. Die stadsmens word aan so 'n verskeidenheid aktiwiteite, leefstyle en sosiale klimate blootgestel dat die kerk nie meer allesoorheersend is nie, maar een van baie soorte bedrywighede vorm, en dít tesame met mindere gemeenskapsoordeel bevorder dikwels 'n losser kerklike lewe. Daarby is daar 'n groot verskeidenheid van kerkgenootskappe en dit bevorder dikwels groter vloeibaarheid tussen denominasies. Die Instituut vir Stedelike Studies se ondersoek ten opsigte van akkulturasie in 1975 in Groter Johannesburg (Oosthuizen 1976:34–35) toon byvoorbeeld dat wat Afrikaanssprekendes betref net 56% nog aan die drie susterkerke behoort, 14% kerklos en kerkloos is, 14% tot die AGS behoort, terwyl die res versprei is tussen talle denominasies. In so 'n milieu neig kerklike lojaliteit om losser te raak en bied dit 'n besondere uitdaging aan die stadskerk.

### 3.2 Residensiële differensiasie

Die stad bestaan uit gedifferensieerde gemeenskappe. Inwoners van groot stede neig om hulself te differensieer of uit te sorteer op grond van drie prosesse, naamlik:

sosio-ekonomiese statusdifferensiasie,
lewensiklusdifferensiasie en
etniese en/of rassedifferensiasie, terwyl leefstyl 'n verdere belangrike oorweging vorm. Ekonomiese vermoë bepaal tot op groot hoogte waar jy kan bly, wie jou bure is en met wie jy omgaan in die stad. In die verlede het stand en sosiale verskille, gegrond op ekonomiese vermoë, in die Suid-Afrikaanse stad tot op groot hoogte saam-

geval met etniese differensiasie tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. Met die opkoms van die Afrikaanssprekende in die bedryfslewe van die stad, raak die residensiële differensiasie meer gekompliseerd en meer en minder gegoede Afrikaners en dus lidmate van Afrikaanse kerke word met verloop van tyd van mekaar geskei – geografies en sosiaal. Sosio-ekonomiese statusdifferensiasie neig om bestaande groeperinge, veral dié gebaseer op etniese of kulturele grondslag, af te breek en nuwe groeperinge gebaseer op inkomste, beroepstatus, opleiding, ensovoorts, te bevorder (Oosthuizen 1976:8). Die kerk wat tot op groot hoogte op geografiese grondslag funksioneer, is dus onderhewig aan hierdie proses en moet binne hierdie raamwerk funksioneer. In kort vind dit gestalte in ryk en arm gemeentes, gemeentes met meer en minder leiersmateriaal, ensovoorts en die stadskerk moet die uitdagings wat sosio-ekonomiese statusdifferensiasie bied, aanvaar en kerklike optrede en werksprogramme dienooreenkomstig aanpas. Namate stede groter word kom etniese konsentrasies voor – ook in 'n vrye vestiging-situasie. Tipiese voorbeelde is byvoorbeeld die Portugese in Rosettenville en Turffontein. Sodanige konsentrasie en indringing oefen groot invloed uit op die bestaande gemeentes van Afrikaanse kerke, veral vanweë uitbeweging van lidmate en snelkrimpende getalle.

### 3.3 Indringing, opvolging, veroudering en groei

Die stad is dinamies en verander voortdurend – fisies en sosiaal.

So word gevind dat veral in ouer stadsdele en veral binne stadsdele 'n aantal veranderingsprosesse plaasvind wat die kerk in sy werking nóú raak:

(i) *Grondgebruikverandering* tree in en enkelresidensiële grondgebruik word verdring deur hoër grondgebruike soos hoë digtheid residensieel (byvoorbeeld Hillbrow, Berea, ensovoorts), besighede (Braamfontein – in 1938 nog suiwer residensieel) of nywerhede (Selby, Ophirton, Fordsburg, ensovoorts in Johannesburg). Hierdie proses vind veral plaas rondom die stadskern in ouer residensiële buurtes.

(ii) *Indringing en opvolging* is waar bepaalde sosiale stande en/of etniese groepe wat 'n woonbuurt bewoon eers ingedring word deur ander sosiale stande en/of etniese groepe en/of leefstylgroepe en dikwels uiteindelik verdring word. Die woonbuurt ondergaan dus 'n totale karakterverandering.

(iii) *Veroudering* tree in as 'n gemeenskap (gewoonlik 'n middelklas- of gegoede gemeenskap) deur die verskillende lewensiklusstadia gaan en uiteindelik bestaan uit 'n oorwegend ou bevolking met min kinders in die huis.

(iv) *Stadsgroei en stadsverval* – hierdie aspek hou verband met waar en wanneer nuwe dorpsgebiede ontstaan, hoe vinnig hulle groei, watter dele ontvolk, ensovoorts.

Al voorafgemelde verskynsels oefen 'n sterk invloed uit op gemeentesamestelling en -funksionering. Hier kan byvoorbeeld net verwys word na middestadse gemeentes wat stagneer, agteruitgaan en moet saamsmelt of verdwyn en dikwels oorwegend uit ou- en jongmense bestaan. Ook oefen groei en verval 'n sterk invloed uit op kerklike aangeleenthede, soos gemeentevorming, gemeentegrense, kerkpersele en kerkgeboue.

## 4. SAMEVATTING

Uit voorafgaande is dit duidelik dat die kerk in die stad talle faktore in ag moet neem en aanpassings moet maak om sy taak ten beste te verrig. Aan die ander kant sal daarteen gewaak moet word dat die kerk nie in sy aanpassingsproses sy wese verraai nie. Dit is miskien interessant om by wyse van afsluiting te verwys na die drie godsdienstige neigings wat Cousins en Nagpaul (1979:341) in die huidige stedelike Amerika onderskei, naamlik:

(i) Sekularisasie het baie prominent geraak en die kerke begin die heersende sekulêre standaarde onderskryf en slaag daarin om heelwat organiserende eenheid te bereik tussen die verskillende gelowe en denominasies.
(ii) Baie van die stedelike kerke het ontwikkel in veeldoelige gemeenskapsentrums. As sodanig bied hulle 'n reeks van dienste, soos ontspanning- en gesondheidsdienste, wat streng gesproke geheel en al buite die kategorie van die tradisionele godsdiens val.
(iii) As eksponente van universele waardes is die kerke hedendaags betrokke by 'n aansienlike deel van sosiale hervormingsagitasie. Terselfdertyd stimuleer aktivisme pogings om die teologie te hervorm ten einde dit meer in ooreenstemming te bring met kontemporêre beginsels van studie en denke.

Bronneverwysing

Albertyn, JR, Du Toit, P, Theron, HS 1947.
*Kerk en Stad.* (Verslag van die Kommissie van Ondersoek van die Gefedereerde NG Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van S.A.). Stellenbosch: Pro Exclesia.
Boskoff, A 1970.
*The Sociology of Urban Regions.* New York: ACC.
Cousins, AN, Nagpaul, H 1979.

*Urban Life – The Sociology of Cities and Urban Society*. New York: John Wiley & Sons.
Maslow, AH 1970.
*Motivation and Personality*. Harper.
Oosthuizen, AJG 1976.
*Akkulturasie tussen Blankes aan die Witwatersrand*. Publikasiereeks C9 van die Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg.
Oosthuizen, AJG 1976.
"Die Stadsafrikaner en sy Kultuur", ongepubliseerde referaat.
Oosthuizen, AJG 1975.
Kerk en Stad, artikel in *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*.
Packard, SA.
*A Nation of Strangers*.